HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

Uit die skoolhoof se kantoor

Na ’n opwindende week en uitstekende prestasies op verskeie terreine buig ons in dankbaarheid en afhanklikheid voor ons Hemelse Vader neer.

Me. Jean- Marie Lombard se seuntjie, Francois, is gebore. Ons weet dat hy baie vreugde aan julle sal verskaf. In dieselfde asem sê ons welkom aan me. Chanmari Erasmus wat in Me. Lombard se plek gaan waarneem.

Mc Donald’s Sportdag

Baie dankie aan al die ouers wat reeds hulle hulp aangebied het. Ons benodig egter nog hulp op sekere plekke. Ouers ontvang Dinsdag, 18 Februarie, ’n brief waarin u kan aanbied waar u graag betrokke wil raak – aangeheg die sportdag se program.
Die finale sportdag ouervergadering:
Maandag, 24 Februarie 2020
Tyd: 18:00
Plek: Hoërskool Fichardtpark

Wintersport oefeninge

Ons vra ouers se ondersteuning om u kind aan te moedig om GEEN oefening te mis sonder ’n geldige rede nie. Dit is goeie praktyk is dat u kind steeds die oefeninge bywoon, selfs al is hulle beseer. U kind bly dan deel van die spankultuur.

Gr. 8-inhuldiging

Dit is met groot trots dat ons die gr.8-leerders amptelik ingewy en as ware Fichies verwelkom het tydens die formele saalopening van Dinsdag, 18 Februarie. Die ere-kode is ook tydens hierdie geleentheid voorgelees. Ons is trots op julle!

Motheo/Xhariep Atletiekbyeenkoms

Baie sterkte aan al ons atlete wat Saterdag, 22 Februarie, deelneem. Ons weet dit sal goed gaan met elke atleet (program aangeheg).

Kommunikasie en erkennig

Ouers word aangemoedig om op die D6 School Communicator te registreer. Dit is ’n ongekompliseerde proses. Dit is die amptelike kommunikasiekanaal van die skool. Moedig ook vriende en kollegas aan om te registreer. Verder nooi ons ouers uit om ook die skool se Facebook-blad te besoek. Op hierdie platform word baie klem gelê op mooi prestasies en foto’s word ook geplaas. Ons Twitter naam is Fichies.

Sporttoere

Ons bring dit net onder die aandag van ouers dat sporttoere se finansiële verpligtinge eers afgehandel moet wees alvorens leerders die toere mag meemaak.

Skoolfondsrekeninge

Alle aanvangsheffings moet nou afgehandel wees. Ons versoek verder dat ouers hulle rekeninge op datum sal hou.

Uitteken van leerders

Ons wil ’n ernstige versoek aan ouers rig om ons te ondersteun. Te veel leerders word gedurende die skooldag uitgeteken. Ons glo en vertrou dat u as ouer die erns van hierdie saak verstaan en nie u kind gedurende skooltyd sal uitteken nie.
Van die leerders kom daagliks siekekamer toe vir dieselfde probleem (erge hoofpyne en erge allergie). Die skool hou beperkde voorraad aan. Ouers moet asseblief die tipe kroniese probleme aanspreek en reeds die leerder se medikasie voor skool toedien. Leerders word ook aangemoedig om ontbyt te eet by die huis of iets in te pak, aangesien dit ook oorsaak is van naarheid en hoofpyn en dit dus baie sleg is vir leerder om medikasie te neem.

Interhoër swemgala

Vanjaar neem ons deel aan die Bloemfontein Hoërskole-swemgala. Baie sterkte aan al die swemmers. Ons sien uit om volgende week die uitslae bekend te maak.
Sterkte ook aan die Geesspan wat vanmiddag aan die geesvangkompetisie deelneem. Julle het hard gewerk en geoefen!

Fichie-Groete